### *Die verskil tussen wetenskap en geloof*

**155** Met hierdie woorde roep **Ek** Kisjonah van sy vyf klafter hoë kansel na benede en spreek hom onder vier oë: “Swyg voorlopig en verraai My nie voor die tyd daarvoor ryp is nie! Want hier is nog baie wat nie so ryp soos jy daarvoor is nie en mag daarom ook nie volledig hoor wie Ek eintlik is nie. Anders sou dit `n belemmering vorm vir die vryheid wat lewe bring aan hulle gees, waaruit so `n gees homself baie moeilik ooit sou kon verhef.

[2] Dit is voldoende dat baie nou begin te vermoed wie Ek is, en dat die meeste My vir `n groot profeet aansien en My eien as Elohim se Seun, - wie Ek wel uiterlik is. Meer sou voorlopig te skadelik wees; daarom laat ons hulle ook voorlopig met hulle mening en hulle geloof en jy mag My daarom nie verder verraai nie!”

[3] **Kisjonah** sê: “Ja Meester, U het gelyk; maar Ek is ook maar `n mens. Kom my siel nie ook in die oordeel omdat Ek nou sonder enige twyfel nie slegs glo nie, maar ook vir seker weet wie U is nie?”

[4] **Ek** sê: “Jou het Ek deur woord en leer voorberei. Toe Ek `n paar dae gelede by jou kom, dag jy dat Ek `n baie wyse en knap dokter was en toe jy My ongewone dade sien doen, begin jy My as `n profeet beskou deur wie die Gees van Elohim werk. Jy is egter goed in alle skole onderrig en jy wou presies weet hoe `n mens so `n volmaaktheid kon bereik. Toe onthul Ek aan jou wat die mens is en wat in hom sluimer en trouens wat uit die mens kan kom as hy homself heeltemal ken en daardeur die volle lewensvryheid van sy gees bereik het.

[5] Maar Ek laat jou toe ook sien hoe Elohim Self `n Mens is, en hoe enkel en alleen om hierdie rede ook jy en alle aan jou gelyke wesens, mense is. En Ek toon jou dan ook in die geheim dat Ek Self juis die Mens is en dat elke mens geroep is om dit te word en vir ewig te wees, wat Ek Self is. Toe was jy verbaas en sedert daardie oomblik weet jy wie Ek is.

[6] En sien, dit was `n doelmatige voorbereiding vir jou siel en jou gees, sodat jy My nou `n hele aarde en uit klippe mense sou kon sien skep sonder dat dit jou sou skaad. Want jy het uit vrye wil en wel op `n wetenskaplike wyse aangeneem, dat Elohim `n Mens kan wees en dat `n mens heel goed, ook wetenskaplik gesien `n God kan wees! En daarom kan dit nou jou siel en jou gees nooit in die war bring nie, as jy volkome besef dat Ek die enige en enig ware Elohim en Skepper van alle dinge sedert die ewigheid is.

[7] Maar dit skyn heel anders met hierdie ander mense te wees, wie almal nie suiwer wetenskaplik te benader is nie. Hulle het slegs die geloof en daarby uiters min verstand.

[8] Die geloof staan egter nader aan die sielelewe as die grootste verstand. As die geloof `n dwang is, word dit daardeur dadelik ook `n ketting vir die siel; as die siel egter geketting is, dan kan daar geen sprake wees van `n vrye ontwikkeling van haar gees nie.

[9] As egter, soos by jou, die verstand eers die korrekte insig verkry het, dan bly die siel vry en haal uit die kennis van die verstand altyd slegs soveel as wat sy kan verdra en kan verteer.

[10] En so vorm sy dan uit `n korrekte ontwikkelde verstand `n ware, volle, lewende geloof, waardeur die gees in die siel die korrekte voeding kry en daardeur steeds sterker en magtiger word, - wat elke mens dadelik kan waarneem **as sy liefde vir My en vir die naaste steeds sterker en magtiger word**.

[11] Maar, soos reeds gesê, as daar by die mens wie se verstand dikwels nie heeltemal ontwikkeld is nie en die mens wat slegs geloof het, en daar in `n sekere sin op sigself slegs gehoorsaamheid van die hart en die wil van die hart is, moet dié mens heel versigtig behandel word, omdat hy ten prooi val van wandenkbeelde of kan op die verskriklikste syweë beland, soos wat dit by alle heidene en ook in hierdie tyd by baie maar al te duidelik die treurige geval is.

[12] En nou sal jy wel sonder moeite kan insien waarom Ek jou sopas van die rots afgeroep het, waar jy aan die mense wil onthul wie Ek is. Daarom moet die een blinde nooit `n ander lei nie, maar dit moet iemand wees wat met `n goeie verstand skerp kan sien, - omdat hulle andersins beide in die afgrond sal instort.

[13] Ek sê vir jou, wees in alles ywerig en versamel oor alle dinge die korrekte kennis! **Ondersoek alles wat jy teëkom en behou daarvan wat goed en waar is,** dan sal dit maklik vir jou wees om die waarheid te vind en die voorheen dooie geloof weer lewend te maak en dit tot `n ware lewenslig te maak.

[14] Aan jou sê Ek en daardeur aan almal: As jy vir jou lewe egte nut van My leer wil hê, **dan moet jy haar eers begryp en dan in waarheid daarvolgens handel!**

[15] So volmaak soos wat die Vader in die hemele in alles is, net so volmaak moet julle ook wees, - omdat julle nooit andersins Sy kinders kan word nie!

[16] Jy het in die geskrif wat deur Matthéüs geskryf is, gelees van My bergprediking; daarin leer Ek die leerlinge bid en wel met die aanroep: “Onse Vader!”

[17] Wie die gebed in sy hart bid, maar dit egter nie goed begryp nie, is soos `n blinde wat die son loof en prys, maar haar ondanks haar magtige lig nie kan sien en homself ook geen voorstelling daarvan kan maak nie. Daardeur sondig hy weliswaar nie; maar van die waarheid het hy ook niks nie en daarby bly hy tog in dieselfde duisternis.

[18] As jy dus die hart van `n mens werklik wil vorm vir die lewe, vergeet dan nie om eers die verstand goed te ontwikkel nie, **anders maak jy van hom `n blinde vereerder van die son, wat sinneloos is.”**

### *Dit skeppingsverhaal van Moses*

**156** Na hierdie uitleg, waarvan Kisjonah sê dat hierdie `n antwoord gee op al sy vrae, begin die dag in die ooste te breek en `n heel frisse oggend-koelte waai oor die top van ons berg, waar ons nog steeds was en Kisjonah stel voor dat ons solank afgaan na die digby geleë berghut totdat die son opgekom het.

[2] **Ek** sê: “Laat ons dit nie doen nie! Die oggend-koelte op hierdie hoogte sal niemand skaad nie, maar versterk elke ledemaat; bowendien duur dit nie lank nie en dit is nodig, omdat `n bepaalde soort geeste wat hier nie nader omskryf hoef te word nie, oordag slegte weer sou bring as hulle nou by sonsopgang nie deur die sterk vredesgeeste belemmer sou word om op te styg in die lug nie.

[3] Kisjonah vra nie verder nie en ons bly nog tot die middag toe op die top van die berg. Maar namiddag daal ons weer af na die bergboerdery en bring daar nog `n paar dae deur met allerhande besprekinge oor die lewenstake van die mens en oor die natuur van die aarde, die sterre en allerhande ander dinge.

[4] Die Judeërs en fariseërs wat by My gebly het en nog steeds nie so `n helder insig gehad het nie, begryp nie veel daarvan nie, maar tog protesteer hulle nie, want hierdie Judeërs en fariseërs wat hulleself al op die eerste dag van My besoek aan Kisjonah aan My kant geskaar het, was werklik meer gewek en beter geeste **en hulle was nugtere denkers,** wat nou al baie waardering vir My gehad het en My woord as Elohim se woord aangeneem het. Daarom is hulle nie te vergelyk met diegene wat na Kapernaum teruggejaag is nie, en ook nie met diegene wat vanweë die bewe van die berg iets meer as vier dae gelede weer na benede gevlug het nie.

[5] Hoewel die bogenoemde beter **Judeërs en fariseërs** nou al `n vaste vertroue in My gehad het, haal hulle dikwels hulle skouers op oor My verklarings oor die werklike ontstaan of eintlik die **geleidelike, trapsgewyse skepping van die aarde en alle dinge in en op die aarde**, soos ook die van die tallose ander hemelliggame en hulle sê by hulleself: “Dit gaan tog lynreg teen Moses in! Wat word van die ses skeppingsdae, met die sabbat waarop Elohim rus? Wat kom dan tereg daarvan dat wat Moses sê oor die ontstaan van alles wat nou in sy totaliteit die hele wêreld vorm? As hierdie wonderdoener uit Násaret ons daaroor nou `n leer gee wat die leer van Moses heeltemal ophef, wat moet ons dan sê? As Hy die wette van Moses egter ophef, dan hef Hy daardeur alle profete en uiteindelik ook Homself op, want as Moses niks is nie, dan is die profete ook niks nie - en die verwagte Messias, wie Hy eintlik self is, is ook niks!

[6] Maar noukeurig beskou is Sy leer korrek en dit is meer waarskynlik dat die skepping so plaasgevind het soos wat Hy dit nou uitlê, as wat Moses dit verhaal het.”

[7] **Een van hulle** kom na My toe en sê: “Meester! As dit so gebeur het, wat moet ons dan met Moses en die profete doen?”

[8] Ek antwoord: “Dit moet deur julle in die regte gees en met die regte verstand ontvang en begryp word!

[9] Moses gee by die uitbeelding van die skepping **slegs beelde wat betrekking het op die ontwaking van die eerste godsbegrip by die aardse mense**, en wat nie betrekking het op die materiële skepping van die aarde en al die ander wêrelde nie.”